

SLEUTEL 4 - SELFVERLOËNING

Mat 16:24-26: Om Jesus te volg

(Mark. 8:34 -- 9:1; Luk. 9:23-27)

²⁴Toe sê Jesus vir sy dissipels: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, ²⁵want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry. ²⁶Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?

Jy het verseker al die spreekwoord gehoor wat lui; “elke huis het sy kruis”. Het jy al gehoor, wanneer jy vir iemand vra hoe dit met hulle gaan, dat hulle antwoord: “ag, ek dra maar my kruis, maar verder gaan dit goed”? Hoor die toon waarmee daar geantwoord word. Hoor die sug wat saam met die woorde kom. Die kruis klink soos die grootste straf ooit – die swaarste las denkbaar. Was Jesus se kruis dan 'n straf? In die oë van die Romeine, miskien. In die oë van gelowiges, verseker nie. Jesus se kruis is juis die gereedskap waarmee die Here die straf van my en jou sonde kom wegneem het. Ons is baie geneig daartoe om, in terme van die boonste teksgedeelte, aan die kruis wat ons moet dra te dink as 'n las waarmee ons “maar moet saamleef”. Is die kruis wat ons moet dra “maar net iets waarmee ons moet saamleef”? Nee, dit is baie meer! Dit is juis die kruise wat ons dra wat die ware lewe bring (vgl. vers 25-26). Onthou, vir gelowiges in Jesus Christus gaan die lewe oor baie meer as die blote realiteit van ons aardse bestaan. Jesus se opdrag is dat ons ons kruise sal optel en dra wanneer ons Hom wil volg. Wat beteken dit dan om “jou kruis te dra”?

In Jesus se tyd, was kruisiging sekerlik die mees grusame doodsvonnis. Dit was 'n vernederende en pynlike wyse van sterf. Wanneer inwoners in die strate iemand gewaar het wat 'n kruis op sy skouers dra, het almal onmiddellik geweet wat die uiteinde van hierdie persoon se lot is – die dood!

Met hierdie in ons agterkoppe... Wanneer Jesus vra dat jy jou kruis sal dra, vra Hy dat jy:

- **sal saamwerk en in ritme sal wees met God se wil vir jou lewe.** Jesus het Sy hele lewe daaraan gewy om die wil van Sy Vader te doen. Die kruis op Sy skouers was **deel** daarvan en die ook vir my en jou as **bewys** daarvan.
- **jou eie belange sal begrawe.** Die enigste belang van 'n gelowige moet wees om die Here te dien deur Sy wil te doen. Jesus het in Getsémané by Sy Vader gepleit om die bitter beker van Sy dood verby te laat gaan. Hy het egter steeds gebid dat **Sy Vader se wil**, sal geskied en nie Sy eie nie.
- **sonder ophou sal beweeg op die God se pad.** Al het Jesus moeg geraak het Hy steeds, met die hulp van Sy medemens, die pad na Golgota (die wenpaal) voltooi. Ons kan op ons lewenspad op God staatmaak vir krag en moed om die volgende tree te gee. Ons is bevoorreg dat Jesus reeds met Sy eie kruis die pad gestap het. Daarom kan ons in die voetspore van die Een wat voor ons geloop het trap.

- **nie jou identiteit as kind-van-God sal probeer wegsteek nie.** In Jesus se tyd het almal iets oor die identiteit van iemand met 'n kruis geweet. Hulle het geweet hy is 'n misdadiger. Jesus se kruis het vir sommige dieselfde gesê, maar vir ander het dit gesê dat Hy waarlik God is. Sommige het dit eers na Sy dood aan die kruis ontdek (sommige sukkel nou nog om dit te ontdek). Die kruis wat ek en jy dra is die teken dat ons navolgers van Jesus is. Die kruis en opstanding maak van ons anderste mens. Ons is diep binne op 'n ander manier aanmekeargesit. Ons **is** anders as die wêreld, want ons het die Gees van God wat in ons woon. Die kruis op ons skouers vra dat ons dit wat ons **is**, sal **wys**!
- **met God se oë sal kyk.** Om jou kruis te dra is een ding. Om deur 'n klomp spotters, spoegers en ongelowiges op jou lewenspad vergesel te word, is 'n ander ding. Jesus kon vaskyk in die haat en wraak van die teenstanders, Hy kon die klippies op die Via Dolorosa as rotse sien, maar Hy het nie. Hy het met God se oë gekyk. Hy kon die soldate en offisiere wat Hom aan die houtkruis vasgespyker het verafsku het, maar Hy het nie. Hy het met God se oë gekyk. Ons kan verblind word deur die negatiewe en goddeloosheid van die 21ste eeu, ons kan sug oor die kruise wat ons moet dra en dit as laste sien, maar ons moenie. Ons moet met God se oë kyk. Ons kan ons selfverloëning as 'n verlies sien, of ons kan met God se oë kyk. Wat sien ons dan? Dat dié wat hul lewens as gevolg van God verloor, dit sal terugkry! Om jou lewe te verloor beteken juis om jou lewe terug te kry. Radikaal nê! Kopskuif!

Die kruis wat ek en jy moet dra vra sekerlik van ons baie meer as die paar dinge wat hier genoem is. Wat beteken dit vir jou?

Om Jesus te volg – kruis en al – is 'n voorreg. Dit is ware dissipelskap. Die Bybelse konsep van dissipelskap as baie mooi. Studente van die geskryfte het elk 'n rabbi gehad. Hulle het hierdie rabbi as te ware dag en nag gevolg. Die feit dat hulle so baie tyd saam met die rabbi spandeer het, het gemaak dat hulle later soos die rabbi begin dink, praat en doen het. Elke rabbi het 'n interpretasie van die geskrif gehad wat die student moes aanleer en deelmaak van sy identiteit. Die inhoud van hierdie interpretasie was die **juk** genoem. Elke student moes dus die **juk** van sy rabbi opneem en daarvolgens leef.

Kan jy dink aan 'n spesifieke Rabbi en Sy juk?

²⁸“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. ²⁹Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. **30**My juk is sag en my las is lig.” (Mat. 11)

Ons moet elkeen ons kruise dra – nie met 'n sug nie, maar met vreugde. Ons Rabbi se juk us sag en Sy las is lig.... miskien juis as gevolg van die feit dat dit **lewe** bring – en dit in oorvloed!